basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

2030 NDP

# Beplanner & Bestuursdokument vir Herstelde Jaarlikse Onderrigplan (ATP)

## Huistaal: Afrikaans

## Graad 3 Termyn 4

# Inhoud


**Inleiding** **1**

**Herstelde ATP Vereistes** **2**

Huistaalvaardighede 2

Huistaalinhoud 2

Klanke en Groepbegeleide Lees 2

Die skep van 'n roetine vir taalleer 5

Voorgestelde Weeklikse Roetine vir HT GF 6

Voorgestelde aktiwiteite vir GF HT (wat aan die ATP-vereistes voldoen) 7

**Klanke en Groepbegeleide lees** **14**

**Klankeprogram: HT Afrikaans** **15**

**Beplanner & Bestuursdokumentraamwerk** **18**

Tema 1 19

Tema 2 21

Tema 3 23

Tema 4 25

Tema 5: Hersiening 27

**Assesseringsprogram** **29**

Kontrolelys: GF Huistaal 29

Assessering van Leer 30

Gebruik van die rubrieke 30

Verwerking 31

Ons hoop dat u hierdie assesseringsriglyn nuttig sal vind 31

Assessering van L eer: Tellingkaart 32

Graad 3 Termyn 4: Voorbeeld van Formele Assesseringstaak 33

# Inleiding

Geagte Grondslagfase Onderwysers,

Die COVID-19-pandemie het ons met ’n enorme uitdaging in die onderwys agtergelaat. Soos ons terugkeer na ’normale skoolopleiding’, moet ons almal slimmer en harder werk om te verseker dat ons die stelsel kan herstel.

Dit is van kardinale belang in die grondslagfase, waar kinders die basiese vaardighede van lees en skryf aanleer.  Suid-Afrika het nodig dat u, u bes doen om u leerders met hierdie vaardighede toe te rus, sodat hulle nie net leer lees nie, maar uiteindelik ook kan lees om te leer.

Hierdie dokument is ontwerp om u te help om dit te bereik. Deur stelselmatig deur hierdie plan te werk, is ons vol vertroue dat u die verlies aan onderrig- en leertyd kan aanspreek en u leerders op die vlak kan bring waar hulle moet wees.

Ons bedank u vooraf vir die toewyding en harde werk wat van u verlang word.

U bou waarlik ons nasie.

Hiermee net die beste wense vir die termyn wat voorlê.

**NECT Hersiende ATP Bestuurspan**

# Herstelde ATP Vereistes

- Daar is tien weke in die DBO Termyn 4 Herstelde ATP.
- Hierdie tien weke word in vyf leer siklusse verdeel.
- In elke siklus van twee weke moet al die komponente van taalleer soos volg gedek word, deur die minimum tyd te gebruik:

| MINIMUM TYDSTOEKENNING VOLGENS DIE NASIONALE KURRIKULUM VERKLARING (NKV/CAPS) | GRAAD 1 | GRAAD 2 | GRAAD 3 |
|---|---|---|---|
| **Luister & Praat** | 45 min | 45 min | 45 min |
| **Lees & Klanke** | 4 h 30 min | 4 h 30 min | 4 h 30 min |
| **Handskrif** | 1 h | 45 min | 45 min |
| **Skryfwerk** | 45 min | 1 h | 1 h |
| **TOTAAL** | 7 URE | 7 URE | 7 URE |

## Huistaalvaardighede

- Die Herstelde ATP vir HT is gestruktureer om onderwysers te wys watter vaardighede hulle vir elke taalkomponent moet opbou.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die vaardighede wat elke twee weke ontwikkel moet word in elke komponent meestal dieselfde is, daar is dus baie herhaling om vaardighede te ontwikkel en te konsolideer.

## Huistaalinhoud

- Onderwysers moet 'n tema vir elke twee-week siklus kies.
- Hierdie tema definieer die inhoud vir die siklus.
- As die onderwyser byvoorbeeld die tema '**Ons gaan almal skool toe**' kies, moet alle inhoud met hierdie tema verband hou, insluitend:
  - **a** Die **woordeskat** wat geleer word, bv: **lees; verbind; vergelyk; leer; China; graad drie**, ens.
  - **b** Die **rympies of liedjies** wat geleer word, byvoorbeeld: **Ek hou van lees en skryf**
  - **c** Die **gedeelde leesstorie** wat gelees word, byvoorbeeld: : **'n Storie oor Graad drie in Suid-Afrika en China**
  - **d** Die **skryfaktiwitei**t wat leerders moet voltooi, byvoorbeeld: **Skryf 2 paragrawe oor wat leerders in Suid-Afrika en China doen**

## Klanke en Groepbegeleide Lees

- Die enigste inhoud wat nie met die tema verband hou nie, is die klank- en groepbegeleide leesprogram.
- Om te leer lees, moet die leerders die klanke van 'n taal stelselmatig geleer word asook hoe om hierdie klanke te meng en te segmenteer.
- Dan moet hulle oefen om woorde en stories te lees deur hul klank kennis te gebruik om woorde te klank.

**Laat ons kyk watter vaardighede en inhoud in die ATP vir Graad 3 Kwartaal 3 gelys word:**

| OPSOMMING VAN DIE HERSTELDE ATP: GRAAD 3 KWARTAAL 3 | |
|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT** | |
| **1** | Gebruik terminologie soos onderwerp, werkwoord, voorwerp, vraag, stelling, bevel, sinoniem, antoniem (teenoorgesteldes), uitroepteken, tydens teksbesprekings. |
| **2** | Verstaan en gebruik gepaste taal van verskillende vakke. |
| **3** | Neem aan ’n gesprek deel as ’n sosiale vaardigheid en respekteer die manier waarop ander praat. |
| **4** | Gebruik verbeeldingryke taal: vertel grappe en raaisels en gebruik toepaslike stemvolume en intonasie. |
| **5** | Luister vir besonderhede in stories en beantwoord oopeindevrae. Byvoorbeeld: “Dink jy dit is nodig om skool toe te kom?” |
| **6** | Vertel ’n storie deur gebruik te maak van beskrywende taal, handgebare en gesigsuitdrukkings. |
| **7** | Luister na ’n storie en identifiseer die verwantskap tussen oorsaak en gevolg in die storie in reaksie op vrae soos: “Wat sou gebeur het as die sleutel nie gevind was nie?” |
| **8** | Beplan en doen ’n mondelinge aanbieding: vertel persoonlike nuus, beskryf ’n ervaring, vertel ’n gebeurtenis oor, ens., en gebruik ’n visuele hulpmiddel. |
| **9** | Druk gevoelens uit en lug ’n mening oor ’n teks en verskaf redes. Byvoorbeeld: “Hierdie boek is vervelig want dit het geen prente nie en die woorde is moeilik!” |
| **10** | Bespreek oplossings vir ’n probleem en gebruik hoër orde denkvaardighede. Byvoorbeeld: “As Pappa jou nie vanmiddag kan kom haal nie, kan jy ...” |

| KLANKE | |
|---|---|
| ***Nota aan onderwyser:***<br>• *Sorg dat u woorde opbou en afbreek:*<br>  • *Ouditief (fonemiese bewustheid)*<br>  • *Ouditief en Visueel (klanke)* | |
| **1** | Herken en gebruik klanke en spelreëls om woorde korrek te spel. |
| **2** | Verdeel woorde in oop en geslote lettergrepe. |
| **3** | Herken en gebruik eenvoudige deeltekenwoorde, byvoorbeeld, seël, hoë (ook die woorde wat nie ’n deelteken kry nie soos: dae, vlae). |
| **4** | Herken en gebruik eenvoudige kappiewoorde, byvoorbeeld, sê, pêrel (ook die woorde wat nie ’n kappie of deelteken kry nie soos ster, werf). |
| **5** | Herken dat dieselfde klank op verskillende maniere gespel kan word, soos hart / hard; lei / ly. |
| **6** | Spel woorde korrek deur klankkennis te gebruik in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde. |
| **7** | Spel woorde korrek in informele toetse, diktee en in alle skriftelike woorde deur klankkennis te gebruik. |

| HANDSKRIF | |
|---|---|
| **1** | Skryf skriftelike teks korrek van die skryfbord, handboeke, werkkaarte, ens., af en skenk aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring in lopende skrif / skrif met verbindings. |
| **2** | Gebruik lopende skrif / skrif met verbindings in alle skriftelike werk. |
| **3** | Eksperimenteer met pen vir skrifdoeleindes. |
| **4** | Skryf netjies, leesbaar en met selfvertroue in lopende skrif / skrif met verbindings. |

| GROEPBEGELEIDE LEES | |
|---|---|
| ***Notas aan onderwyser:***<br>• *Plaas leerders in dieselfde vermoë leesgroepe.*<br>• *Kies tekste / boeke op die regte vlak vir elke groep.*<br>• *Laat elke groeplid toe om alleen te lees en bied leiding terwyl hulle lees.* | |
| **1** | Lees stil en hardop uit 'n eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, dit wil sê, die hele groep werk met dieselfde storie wat op die groep se leesvlak is. |
| **2** | Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking (lees met gevoel). |
| **3** | Gebruik klankkennis, kontekstuele en strukturele analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om betekenis te skep. |
| **4** | Leerders monitor hulself in terme van woordherkenning en begripsvaardighede tydens lees. |
| **5** | Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hy of sy lees: herlees, pouseer, en oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word. |
| **6** | Speel woordspeletjies om lees- en woordeskatvaardighede in te oefen. |

| ONAFHANKLIKE LEES | |
|---|---|
| **1** | Lees hardop vir 'n maat |
| **2** | Lees onafhanklik: storieboeke, boeke uit die leeshoek, enige ander tekste |
| **3** | Lees onafhanklik op 'n meer komplekse vlak vir genot of inligting uit 'n verskeidenheid tekste |
| **4** | Lees eie en ander se skryfwerk |

| GEDEELDE LEES | |
|---|---|
| **1** | Lees vergrote teks soos fiksie- en niefiksie Grootboeke, koerantartikels, dialoë en elektroniese teks in klasverband saam met die onderwyser (gedeelde lees). |
| **2** | Lees 'n skriftelike teks in klasverband saam met die onderwyser en beskryf die karakters, storielyn en waardes in die teks. |
| **3** | Sê of hy of sy van die storie hou en kan die antwoord regverdig. |
| **4** | Gebruik visuele leidrade om 'n grafiese teks te lees en te analiseer vir houdings en aannames. Byvoorbeeld: "Op wie is die advertensie gerig? Waarom sê jy so?" |
| **5** | Beantwoord 'n verskeidenheid hoër orde denkvrae wat gegrond is op die leesstuk. Byvoorbeeld: "Wat sou gebeur het as die winkeleienaar die winkel se deur oopgelaat het toe hy huis toe gegaan het?" |
| **6** | Gebruik 'n woordeboek vir nuwe woordeskat en woordbetekenisse |

| SKRYFWERK |
|---|
| ***Notas aan onderwyser:***<br>• *Gebruik gedeelde skryfaktiwiteite om die skryfproses (beplanning, rofwerk/opstel en publiseer) te modelleer.*<br>• *Verskaf 'n skryfraamwerk om kinders te help om hul stories te skryf.* |
| **1** Gebruik vooraf-skryfstrategieë om inligting in te samel en skryfstukke te beplan: praat met 'n maat, teken 'n kopkaart, beplan 'n raamwerk vir skryf.<br>**2** Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes, soos vertellings, dialoë,<br>**3** Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende vorme, soos 'n kort nuusberig.<br>**4** Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie van ten minste twee paragrawe aan (ten minste 12 sinne).<br>**5** Skryf informatiewe tekste soos resepte, eksperimente.<br>**6** Gee inligting in die korrekte volgorde weer en gee dit 'n opskrif (titel).<br>**7** Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, vraagtekens, kommas, uitroeptekens, aanhalingstekens.<br>**8** Gebruik voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.<br>**9** Gebruik woordboutegnieke, klankkennis en spelreëls om moeilike woorde te skryf.<br>**10** Skep 'n woordbank en persoonlike woordeboek.<br>**11** Gebruik 'n woordeboek om nuwe woordeskat te vind en spelling na te gaan.<br>**12** Bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang.<br>**13** Skep eie boeke om 'n bydrae tot die klaskamerbiblioteek te maak.<br>**14 Voltooi skryftake, insluitend beplanning, rofwerk/opstel en publiseer:**<br>**a** Skryf 'n seleksie van kort tekste, byvoorbeeld: herhalings en dialoë<br>**b** Skryf oor persoonlike ervarings in verskillende vorme, soos 'n koerantartikel<br>**c** Gebruik inligtingstrukture soos resepte en eksperimente<br>**d** Volg inligting en plaas dit onder opskrifte.<br>**e** Skryf 2 paragrawe (12 sinne)<br>**15 Identifiseer en gebruik korrekte taal insluitend:**<br>**a** Leestekens: punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, hoofletters, omgekeerde kommas<br>**b** Voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm<br>**c** Afkappingstekens |

## Die skep van 'n roetine vir taalleer

- Een van die beste maniere om te verseker dat u die toegekende tyd korrek gebruik en al die vaardighede in die ATP dek, is om 'n roetine vir taalleer te ontwikkel.
- Hieronder is 'n voorgestelde weeklikse roetine wat vir 'n twee-week siklus gebruik kan word.
  - Hierdie roetine gebruik die MINIMUM TYD vir huistaal (7 ure)
  - Hierdie roetine is gestandaardiseer vir gebruik in alle grade

## Voorgestelde Weeklikse Roetine vir HT GF

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | TYD : TOTAAL | TYD : L & P | TYD : L & K | TYD : S | TYD : SW |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | 15 minute | 15 minute | | | |
| | **HANDSKRIF** | Informele assessering | 15 minute | | | 15 minute | |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **SKRYFWERK** | Gedeelde skryfwerk | 30 minute | | | | 30 minute |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide lees | 30 minute | | 30 minute | | |
| **Dinsdag** | **LEES & KLANKE** | Leer nuwe klank en woorde aan | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **HANDSKRIF** | Leer nuwe letter en woorde aan | 15 minute | | | 15 minute | |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide lees | 30 minute | | 30 minute | | |
| **Woensdag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | 15 minute | 15 minute | | | |
| | **LEES & KLANKE** | Leer nuwe klank en woorde aan | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **HANDSKRIF** | Leer nuwe letter en woorde aan | 15 minute | | | 15 minute | |
| | **SKRYFWERK** | Gedeelde skryfwerk | 30 minute | | | | 30 minute |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide lees | 30 minute | | 30 minute | | |
| **Donderdag** | **LEES & KLANKE** | Oefen klanke | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide lees | 30 minute | | 30 minute | | |
| **Vrydag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | 15 minute | 15 minute | | | |
| | **LEES & KLANKE** | Oefen klanke | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees | 15 minute | | 15 minute | | |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide lees | 30 minute | | 30 minute | | |
| | | | **7 ure** | **45 minute** | **4 ure 30 minute** | **45 minute** | **1 uur** |

Kan u sien dat die tydstoekenning vir elke komponent korrek is?

## Voorgestelde aktiwiteite vir GF HT (wat aan die ATP-vereistes voldoen)

- Omdat soveel van dieselfde vaardighede ontwikkel moet word, kan dit 'n goeie idee wees om elke week dieselfde of soortgelyke aktiwiteite te doen.
  - Dit verseker dat u al die vaardighede wat die ATP benodig dek
  - Dit maak onderrig en leer ook meer doeltreffend want sodra u en die leerders vertroud is met die aktiwiteite, word minder tyd aan verduidelikings bestee.
- Die onderstaande plan stel gereelde aktiwiteite voor wat u elke week kan doen om aan die vereistes van die ATP te voldoen.
- Waar spesifieke vaardighede of inhoud gedek moet word (volgens die ATP) word dit ook ingesluit.
- Nota: Onderwysers moet DBO Werkboekaktiwiteite gebruik, waar toepaslik.

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| **Maandag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | • Stel die tema bekend<br>• Leer 3 woordeskatwoorde aan<br>• Leer liedjie of rympie<br>• Leerders voeg nuwe woorde by in hulle persoonlike wordeboeke. |
| | **HANDSKRIF** | Informele assessering | • Gee 'n informele assessering om te sien of leerders die voorheen geleerde klanke en woorde onthou<br>• Vra die leerders om 10 woorde uit hul klanklesse en sigwoorde te skryf<br>• Kyk ook na handskrif - lettervorming, hoofletters, spasiëring in saamgevoegde skrif |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees VOORLEES | • Voorlees<br>• Wys vir leerders prente uit die storie<br>• Vra hulle om te vertel wat gebeur<br>• Vra hulle om voorspellings te maak<br>• Vra hulle om die omgewing te identifiseer |
| | **SKRYFWERK (Week 1 van siklus)** | Gedeelde skryfwerk: BEPLANNING | • Stel die onderwerp van die skryfwerk bekend<br>• Lig die leerders in oor die geskrewe taak wat u gekies het, byvoorbeeld:<br>**a** 'n Herhaling/Vertelling<br>**b** 'n Dialoog<br>**c** 'n Koerantartikel<br>**d** 'n Resep<br>**e** 'n Eksperiment<br>**f** Volgorde van inligting onder 'n opskrif<br>**g** Eie verhaal van 2 paragrawe (12 sinne)<br>**h** 'n Verhaal om by te dra tot 'n klasboek<br>• Leer leerders die formaat van nuwe skryfgenres voordat hulle dit gebruik<br>• Wys leerders hoe om hul skryfwerk te beplan met behulp van verskillende voorskrywingstrategieë, byvoorbeeld:<br>**a** Praat met 'n maat<br>**b** Skep 'n breinkaart<br>**c** Gebruik 'n beplanningsraamwerk<br>• Leerders moet hulle eie werk voltooi. (Geen kopieering nie.) |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| Maandag | **SKRYFWERK (Week 2 van siklus)** | Gedeelde skryfwerk: REDIGERING | • Skryf u rofwerk/opstel op die bord<br>• Skryf 'n kontrolelys op die bord<br>• Leer leerders hoe om die volgende taalkenmerke te gebruik en voeg dit dan by 'n redigering:<br>• 'n Verskeidenheid woordeskat<br>• 'n Verskeidenheid sinsoorte<br>• Korrekte leestekens<br>• Voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm<br>• Afkappingsteken<br>• Wys leerders hoe om hul skryfwerk na te gaan met behulp van die kontrolelys (gedeelde skryfwerk)<br>• Sê vir leerders dat hulle hul eie skryfwerk moet lees en redigeer of die van 'n maat moet lees en terugvoering gee |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide Lees<br>TWEE GROEPE X 15 MIN ELK | • Roep die klas tot orde en deel 'n klank of lees aktiwiteit (gepaarde of onafhanklike lees) uit<br>• Gebruik die leesboeke of die DBO Werkboek vir hierdie taak<br>• Roep 'n klein groepie om saam met u te werk ('n groep leerders met dieselfde vermoëns)<br>• Hersien klank- en sigwoorde saam met groep<br>• Gee die groep 'n teks wat op hulle vlak is<br>• Luister na elke leerder afsonderlik |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| Dinsdag | **LEES & KLANKE** | Leer nuwe klank en woorde aan | • Werk stelselmatig deur 'n klankeprogram vir u taal<br>• Leer leerders om 'n nuwe klank te lees<br>• Leer hulle om woorde te lees wat die nuwe klank en vorige klanke bevat (dekodeerbare woorde).<br>• Wys hulle hoe om woorde op te breek en te bou<br>• Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |
| | **HANDSKRIF** | Leer nuwe letter en woorde aan | • Dit is 'n goeie idee om handskrif by klanke aan te pas<br>• Leer leerders hoe om die letter of klank wat hulle geleer het te skryf (graad 2 en 3 - saamgevoegde skrif)<br>• Leer leerders hoe om woorde en sinne wat die klank bevat te skryf<br>• Korrigeer leerders se potloodgreep, postuur, lettervorming, grootte en spasiëring<br>• Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag** | **LEES & KLANKE** | Gedeelde Lees<br>AANVANGSLEES | • Aanvangslees<br>• Lees die verhaal vlot en met uitdrukking aan die leerders voor<br>• Stop en verduidelik waar nodig<br>• Wys taalkenmerke uit en verduidelik waar nodig, insluitend:<br>**a** Korrekte leestekens<br>**b** Voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm<br>**c** Afkappingstekens<br>• Na u die verhaal gelees het, vra die volgendetipe vrae:<br>**a** Identifiseer en bespreek die hoofgedagte, hoofkarakters en intrige in die storie<br>**b** Mening (waarvan het jy gehou / wat het jy gedink van / ens) Motiveer jou opinie m.a.w. Waarom?<br>**c** Identifiseer oorsaak en gevolg.<br>**d** Beantwoord vrae van hoër orde gebaseer op die geleesde teks<br>**e** Gebruik visuele leidrade om grafiese tekste te lees en tekste te analiseer vir houdings en aannames<br>**f** Bespreek die probleem in die verhaal, die plot en die waardes in die teks |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide Lees<br>TWEE GROEPE X 15 MIN ELK | • Roep die klas tot orde en deel ’n klank of lees aktiwitiet (gepaarde of onafhanklike lees) uit<br>• Gebruik die leesboeke of die DBO Werkboek vir hierdie taak<br>• Roep ’n klein groepie om saam met u te werk (’n groep leerders met dieselfde vermoëns)<br>• Hersien klank- en sigwoorde saam met groep<br>• Gee die groep ’n teks wat op hulle vlak is<br>• Luister na elke leerder afsonderlik |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| **Woensdag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | • Leer drie woordeskatwoorde aan<br>• Sing ’n liedjie of sê ’n rympie<br>• Doen nog ’n mondelinge aktiwiteit, byvoorbeeld:<br>**a** Bespreek oplossings vir ’n probleem met behulp van denkvaardighede van hoër orde<br>**b** Vertel ’n verhaal met ’n begin, middel en einde<br>**c** Maak ’n mondelinge voorlegging, vertel nuus of praat logies en in volgorde oor ’n ervaring<br>**d** Vertel ’n verhaal deur gebruik te maak van beskrywende taal, verskillende gebare en gesigsuitdrukkings<br>**e** Vertel grappies en raaisels met verbeeldingryke taal<br>**f** Kreatiewe storievertelling - Vra alle leerders om hul eie temaverhale op te stel en met hul maats te deel<br>• Leerders voeg nuwe woorde by hulle persoonlike woordeboeke |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| Woensdag | **LEES & KLANKE** | Leer nuwe klank en woorde aan | • Werk stelselmatig deur 'n klankeprogram vir u taal<br>• Leer leerders om 'n nuwe klank te lees<br>• Leer hulle om woorde te lees wat die nuwe klank en vorige klanke bevat (dekodeerbare woorde).<br>• Wys hulle hoe om woorde op te breek en te bou<br>• Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |
| | **SKRIF** | Leer nuwe letter en woorde aan | • Dit is 'n goeie idee om handskrif by klanke aan te pas<br>• Leer leerders hoe om die letter of klank wat hulle geleer het te skryf (graad 2 en 3 - saamgevoegde skrif)<br>• Leer leerders hoe om woorde en sinne wat die klank bevat te skryf<br>• Korrigeer leerders se potloodgreep, postuur, lettervorming, grootte en spasiëring<br>• Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |
| | **SKRYFWERK (Week 1 van siklus)** | Gedeelde skryfwerk ROFWERK/ OPSTEL | • Herinner leerders aan die skryftaak<br>• Skryf u rofwerk/opstel op die bord<br>• Skryf 'n skryfraamwerk op die bord<br>• Wys leerders hoe om hulle taak OP TE STEL<br>• (gedeelde skryfwerk)<br>• Sê vir leerders dat hulle hul plan en die raamwerk moet gebruik om hul eie taak te skryf |
| | **SKRYFWERK (Week 2 van siklus)** | Gedeelde skryfwerk PUBLISEER EN AANBIED | • Herinner leerders aan die skryftaak<br>• Skryf u rofwerk/opstel met wysigings op die bord<br>• Gaan weer deur die wysigings<br>• Wys leerders hoe om hul skryfwerk te PUBLISEER deur netjies en foutloos te skryf en illustrasies by te voeg<br>• Sê vir die leerders dat hulle hul eie skryfwerk moet publiseer<br>• Sê vir leerders om hul skryfwerk met 'n maat te deel - lees vir mekaar |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide Lees TWEE GROEPE X 15 MIN ELK | • Roep die klas tot orde en deel 'n klank of lees aktiwitiet (gepaarde of onafhanklike lees) uit<br>• Gebruik die leesboeke of die DBO Werkboek vir hierdie taak<br>• Roep 'n klein groepie om saam met u te werk ('n groep met dieselfde vermoëns)<br>• Hersien klank- en sigwoorde saam met groep<br>• Gee die groep 'n teks wat op hulle vlak is<br>• Luister na elke leerder afsonderlik |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| **Donderdag** | **LEES & KLANKE** | Oefen klanke | • Hersien die twee klanke wat op Di en Wo gedoen is<br>• Doen 'n klank aktiwiteit met die hele klas, byvoorbeeld:<br>**a** Meng klanke saam om woorde te maak<br>**b** Segmenteer woorde in klanke<br>**c** Breek woorde in lettergrepe op<br>**d** Groepeer woorde in algemene woordfamilies<br>**e** Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees<br>TWEEDE LEES | • Tweede Lees<br>• Lees die verhaal vlot en met uitdrukking aan die leerders voor<br>• Stel vrae nadat u die verhaal gelees het, insluitend:<br>**a** Volgorde (wat eerste, volgende, laaste gebeur het)<br>**b** Mening (het jy gehou van / wat het jy gedink oor / ens) en motiveer<br>**c** Gebruik visuele leidrade om grafiese tekste te lees en tekste te analiseer vir houdings en aannames<br>**d** Bespreek die probleem in die verhaal, die plot en die waardes in die teks<br>• Vra die leerders om hul eie vrae oor die teks te formuleer en die vrae aan 'n maat te rig |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide Lees<br>TWEE GROEPE X 15 MIN ELK | • Roep die klas tot orde en deel 'n klank of lees aktiwitiet (gepaarde of onafhanklike lees) uit<br>• Gebruik die leesboeke of die DBO Werkboek vir hierdie taak<br>• Roep 'n klein groepie om saam met u te werk ('n groep leerders met dieselfde vermoëns)<br>• Hersien klank- en sigwoorde saam met groep<br>• Gee die groep 'n teks wat op hulle vlak is<br>• Luister na elke leerder afsonderlik |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| **Vrydag** | **LUISTER & PRAAT** | Mondelinge aktiwiteite | • Leer drie woordeskatwoorde aan<br>• Sing 'n liedjie of sê 'n rympie<br>• Doen nog 'n mondelinge aktiwiteit, byvoorbeeld:<br>**a** Sit leerders in groepe om die teks te bespreek met behulp van 'n raamwerk (ek hou van ... / ek hou nie van ... / ek dink hierdie teks is geskryf aan ...)<br>**b** Kreatiewe storievertelling - Vra die leerders om in groepe saam te werk om 'n gesamentlike temaverhaal uit te dink<br>**c** Vertel 'n verhaal met 'n begin, middel en einde<br>**d** Maak 'n mondelinge voorlegging, vertel nuus of praat logies en in volgorde oor 'n ervaring<br>**e** Vertel 'n verhaal deur gebruik te maak van beskrywende taal, verskillende gebare en gesigsuitdrukkings<br>**f** Vertel grappies en raaisels met verbeeldingryke taal<br>• Leerders voeg nuwe woorde by in hul persoonlike woordeboeke |

| DAG | KOMPONENT | AKTIWITEIT | VOORGESTELDE AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|
| Vrydag | **LEES & KLANKE** | Oefen klanke | • Hersien die twee klanke wat op Di en Wo aangeleer is, asook ander klanke wat hierdie kwartaal aangeleer is<br>• Doen 'n klank aktiwiteit met die klas, byvoorbeeld:<br>**a** Meng klanke saam om woorde te maak<br>**b** Segmenteer woorde in klanke<br>**c** Bou meer woorde met alle klanke aangeleer<br>**d** Skryf eie sinne met behulp van klankwoorde<br>**e** Doen toepaslike DBO Werkboekaktiwiteite |
| | **LEES & KLANKE** | Gedeelde lees<br>NA-LEES | • Na-lees<br>• Doen 'n aktiwiteit om die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan, byvoorbeeld:<br>**a** Vertel die verhaal saam met 'n maat - elke maat vertel 'n deel van die verhaal in die regte volgorde<br>**b** Opsomming - elke leerder vertel in twee tot drie sinne vir 'n maat waaroor die verhaal gegaan het<br>**c** Verbeel jou jy voer 'n onderhoud met een van die karakters in die storie<br>**d** Doen 'n mondelinge aanbieding oor die verhaal<br>**e** Vertel die verhaal deur gebruik te maak van beskrywende taal, verskillende gebare en gesigsuitdrukkings<br>**f** Spreek gevoelens en menings oor die teks uit en gee redes<br>• Voeg woorde en definisies by in woordeboek |
| | **LEES & KLANKE** | Groepbegeleide Lees<br>TWEE GROEPE X 15 MIN ELK | • Roep die klas tot orde en deel 'n klank of lees aktiwitiet (gepaarde of onafhanklike lees) uit<br>• Gebruik die leesboeke of die DBO Werkboek vir hierdie taak<br>• Roep 'n klein groepie om saam met u te werk ('n groep leerders met dieselfde vermoëns)<br>• Hersien klank- en sigwoorde saam met groep<br>• Gee die groep 'n teks wat op hulle vlak is<br>• Luister na elke leerder afsonderlik |

**Het u opgelet dat daar binne elke komponent ook roetines gebruik word? Kyk of u al die roetines opgemerk het:**

### MONDELINGE AKTIWITEITE

Maandag: Stel die tema bekend, leer woordeskat aan, leer liedjie of rympie aan

Woensdag: Leer woordeskat aan, sing liedjie of sê 'n rympie op, doen nog 'n aktiwiteit

Vrydag: Leer woordeskat aan, sing liedjie of sê 'n rympie op, doen nog 'n aktiwiteit

### KLANKE & HANDSKRIF

Maandag: Gee 'n informele assessering om klankekennis en skrif na te gaan

Dinsdag: Leer nuwe klank en woorde; leer hoe om letters en woorde te skryf

Woensdag: Leer nuwe klank en woorde; leer hoe om letters en woorde te skryf

Donderdag: Doen aktiwiteit om die gebruik van nuwe klanke te oefen

Vrydag: Doen aktiwiteit om die gebruik van nuwe klanke te oefen

### GEDEELDE LEES

Maandag: Bekendstelling

Dinsdag: Voorlees

Donderdag: Tweede lees

Vrydag: Na-lees

### SKRYFWERK

Week 1 Maandag: Beplanning

Week 1 Woensdag: Rofwerk/Opstel

Week 2 Maandag: Redigering

Week 2 Woensdag: Publiseer en Aanbied

Is dit vir u sinvol? Watter veranderinge sou u maak?

# Klanke en Groepbegeleide lees



**As ’n grondslagfase onderwyser is u belangrikste verantwoordelikheid om te verseker dat alle leerders kan lees!**

**Basiese riglyne wat u moet volg om klanke te onderrig, is:**

1. **Maak seker dat u ’n volledige klankeprogram het wat al die klanke vir u taal bevat.**
   - Die NECT klankeprogram vir HT-Afrikaans is hieronder ingesluit - gebruik dit gerus of gebruik enige ander klankeprogram wat deur jou provinsie, distrik of skool gespesifiseer is.
2. **Werk stelselmatig deur u klankeprogram. Vir elke klank:**
   - Sorg dat leerders die klank kan hoor, en in woorde kan identifiseer.
   - Leer leerders die letter-klank-verhouding - hoe die klank lyk.
   - Oefen om die klank saam met ander bekende klanke te meng om woorde te bou.
   - Lees tekste wat woorde bevat wat die klank insluit.
   - Hersien gereeld alle aangeleerde klanke.

Basiese riglyne wat u moet volg om lees te onderrig, is:

1. Organiseer leerders met dieselfde vermoë in leesgroepe.
2. Roep elke groep om minstens een keer per week vir u te lees.
3. Probeer om twee of drie keer per week na sukkelende lesers te luister.
4. Gebruik ’n vlak-gepaste teks - by sommige groepe sal u dalk klanke moet hersien en aan woordbou moet werk.
5. Maak seker dat u na elke leerder individueel luister.
6. Leer leerders om altyd onbekende woorde te klank. As ’n leerder ’n woord kry wat hulle nie kan lees nie, help hulle om dit te klank. Moet dit nie oorslaan nie of ’n ander kind versoek om die woord te lees nie.
7. Gedurende groepbegeleide lees, kan u leerders in pare plaas om ’n leesaktiwiteit te doen terwyl u met ’n klein groep werk.

# Klankeprogram: HT Afrikaans

- Dit is baie belangrik om leerders stelselmatig al die klanke van 'n taal te leer.
- Die klanke wat in die NECT HT-Afrikaans klankeprogram aangeleer word, word hieronder gelys - gebruik dit gerus as 'n gids.
- As gevolg van die pandemie, het baie kinders lewensbelangrike klankonderrig misgeloop.
- Stel vas watter klanke leerders ken en nie ken nie, en werk stelselmatig deur die program om enige leerverlies aan te spreek.

***Let Wel:***

- Teen die einde van graad 3 behoort leerders al die klanke in hierdie lys te ken en te kan gebruik
- Die **klanke in die grys blokke** word deur die ATP gespesifiseer vir Graad 3 Termyn 4
- Probeer om seker te maak dat u leerders hierdie klanke ken.

| AFRIKAANSE KLANKE | | | | GEDOEN |
|---|---|---|---|---|
| KLANKE | WOORDE | | | |
| a | | | | |
| s | | | | |
| t | t-a-s = tas | | | |
| p | p-a-s = pas | p-a-p = pap | | |
| n | n-a-t = nat | p-a-n = pan | | |
| o | s-o-n = son | p-o-t = pot | s-o-p = sop | |
| m | m-a-t = mat | m-a-s = mas | m-o-t = mot | |
| d | d-a-n = dan | d-a-m = dam | d-a-s = das | |
| i | s-i-n = sin | p-i-t = pit | s-i-t = sit | |
| g | g-o-m = gom | s-o-g = sog | d-a-g = dag | |
| k | k-a-p = kap | k-i-s = kis | k-a-m = kam | |
| u | s-u-s = sus | m-u-s = mus | k-u-s = kus | |
| e | n-e-t = net | n-e-k = nek | p-e-n = pen | |
| l | l-i-g = lig | l-i-p = lip | l-o-s = los | |
| b | b-a-k = bak | b-e-l = bel | b-e-s = bes | |
| h | h-e-k = hek | h-a-k = hak | h-e-n = hen | |
| y | s-y = sy | h-y = hy | m-y = my | |
| r | r-o-t = rot | r-a-m = ram | r-u-g = rug | |
| w | w-i-t = wit | w-a-t = wat | w-i-l = wil | |
| j | j-a-s = jas | j-o-k = jok | j-a-g = jag | |
| x | x-s-t-r-aa-l = x-straal | | | |
| z | z-e-r-o = zero | z-u-m-b-a = zumba | z-e-b-r-a = zebra | |
| v | v-a-n = van | v-e-t = vet | v-o-l = vol | |
| y | y-s = ys | w-y-s = wys | l-y-s = lys | |
| f | f-ie-t-s = fiets | f-ee-s = fees | f-o-t-o = foto | |

| AFRIKAANSE KLANKE | | | | GEDOEN |
|---|---|---|---|---|
| **KLANKE** | **WOORDE** | | | |
| aa | k-aa-s = kaas | r-aa-k = raak | m-aa-t = maat | |
| ee | m-ee-r = meer | g-ee = gee | k-ee-l = keel | |
| oo | s-oo-m = soom | d-oo-d = dood | k-oo-r = koor | |
| uu | m-uu-r = muur | d-uu-r = duur | h-uu-r = huur | |
| oe | k-oe-k = koek | r-oe-s = roes | b-oe-k = boek | |
| ie | s-ie-n = sien | t-ie-r = tier | d-ie-r = dier | |
| ui | l-ui = lui | h-ui-s = huis | r-ui-t = ruit | |
| ou | ou-d = oud | k-ou-d = koud | g-ou-d = goud | |
| eu | d-eu-r = deur | r-eu-k = reuk | n-eu-s = neus | |
| ei | b-r-ei = brei | k-l-ei = klei | s-ei-l = seil | |
| aai | b-aai = baai | h-aai = haai | r-aai = raai | |
| ooi | r-ooi = rooi | m-ooi = mooi | n-ooi = nooi | |
| oei | b-oei = boei | k-oei = koei | l-oei = loei | |
| eeu | l-eeu = leeu | m-eeu = meeu | | |
| bl | bl-oei = bloei | bl-aa-r = blaar | bl-o-m = blom | |
| sl | sl-a-p = slap | sl-u-k = sluk | sl-o-t = slot | |
| tw | tw-ee = twee | tw-aa-l-f = twaalf | tw-a-k = twak | |
| br | br-u-g = brug | br-a-k = brak | br-i-l = bril | |
| sn | sn-i-k = snik | sn-i-p = snip | sn-aa-k-s = snaaks | |
| kr | kr-a-p = krap | kr-y-t = kryt | kr-o-m = krom | |
| st | st-o-k = stok | st-a-p = stap | st-a-m = stam | |
| sw | sw-a-k = swak | sw-e-r-m = swerm | sw-e-m = swem | |
| sm | sm-aa-k = smaak | sm-ee-r = smeer | sm-oo-r = smoor | |
| sk | sk-aa-p = skaap | sk-i-p = skip | sk-o-p = skop | |
| sp | sp-ee-l = speel | sp-e-k = spek | sp-ui-t = spuit | |
| pl | pl-a-n = plan | pl-a-k = plak | pl-a-s = plas | |
| vl | vl-ooi = vlooi | vl-a-k = vlak | vl-ie-g = vlieg | |
| fr | fr-aai = fraai | fr-o-n-s = frons | fr-i-s = fris | |
| fl | fl-ie-k = fliek | fl-e-s = fles | fl-ou = flou | |
| kw | kw-ee-k = kweek | kw-a-s = kwas | kw-aa-k = kwaak | |
| kl | kl-i-m = klim | kl-i-p = klip | kl-a-s = klas | |
| ooi | t-ooi = tooi | n-ooi = nooi | k-ooi = kooi | |
| aai | l-aai = laai | t-aai = taai | s-w-aai = swaai | |
| eeu | s-p-r-eeu = spreeu | s-n-eeu = sneeu | l-eeu = leeu | |
| oei | g-r-oei = groei | b-r-oei = broei | k-oei = koei | |
| kr | kr-aa-n = kraan | kr-a-p = krap | kr-eu-n = kreun | |

| AFRIKAANSE KLANKE | | | | GEDOEN |
|---|---|---|---|---|
| **KLANKE** | **WOORDE** | | | |
| kn | kn-oei = knoei | kn-eu-s = kneus | kn-oo-p = knoop | |
| pl | pl-aa-s = plaas | pl-oe-g = ploeg | pl-aa-k = plaak | |
| pr | pr-oe = proe | pr-ui-k = pruik | pr-aa-t = praat | |
| st | st-oe-l = stoel | st-ou-t = stout | st-ee-l = steel | |
| sw | sw-oe-g = swoeg | sw-a-k = swak | sw-a-r-t = swart | |
| gl | gl-oei = gloei | gl-a-d = glad | gl-i-p-s = glips | |
| gr | gr-oe-n-t-e = groente | gr-y-s = grys | gr-aa-t = graat | |
| -ng | r-i-ng = ring | b-a-ng = bang | s-i-ng = sing | |
| -nk | b-a-nk = bank | t-e-nk- = tenk | d-r-i-nk = drink | |
| -ld | h-e-ld = held | s-k-u-ld = skuld | n-aa-ld = naald | |
| -lk | w-o-lk = wolk | m-e-lk = melk | v-a-lk = valk | |
| -lp | t-u-lp- = tulp | h-e-lp = help | s-k-u-lp = skulp | |
| -nd | m-o-nd = mond | t-a-nd = tand | ee-nd = eend | |
| -ns | d-a-ns = dans | w-e-ns = wens | w-i-ns = wins | |
| -nt | p-u-nt = punt | l-i-nt = lint | k-l-o-nt = klont | |
| -mp | l-a-mp = lamp | r-o-mp = romp | s-t-a-mp = stamp | |
| -ms | s-o-ms = soms | k-o-ms = koms | t-oe-k-o-ms = toekoms | |
| -rg | d-w-e-rg = dwerg | s-o-rg = sorg | t-e-rg = terg | |
| -rk | v-a-rk = vark | k-e-rk = kerk | k-u-rk = kurk | |
| -rm | a-rm = arm | k-e-rm = kerm | w-u-rm = wurm | |
| -rp | s-k-e-rp = skerp | h-a-rp = harp | s-e-rp = serp | |
| -rs | b-o-rs = bors | k-e-rs = kers | k-oo-rs = koors | |
| -rt | h-a-rt = hart | b-eu-rt = beurt | s-oo-rt = soort | |
| spr | spr-ee-k =spreek | spr-oe-t = sproet | spr-eeu = spreeu | |
| str | str-aa-t = straat | str-a-f= straf | str-ee-k = streek | |
| skr | skr-y-f = skryf | skr-o-p = skrop | skr-oo-m = skroom | |

# Beplanner & Bestuursdokumentraamwerk

- Dit is jou keuse om die roetine wat in die vorige afdeling beskryf is, te gebruik, al dan nie.
- Ongeag die roetine wat jy kies, moet jy elke taalkomponent per week dek.
- Onthou ook om die tydstoekenning per komponent per week na te gaan. Sien bladsy 4.
- Raadpleeg die opsomming van die Herstelde ATP op bladsy 5 vir leiding.
- Gebruik die bestuursdokument hieronder om rekord te hou van die werk wat jy elke week doen.

## ATP

- Daar is 5 x leë beplanner en bestuursdokumente wat jy kan gebruik om jou kurrikulumdekking vir die termyn te beplan en na te gaan.
- Jy kan kies om hersiening in weke 9 en 10 te doen.
- As jy dit verkies, kan jy jou eie roetine en aktiwiteite ontwerp; maak net seker dat hulle aan CAPS en ATP vereistes voldoen.
- Skep dan jou eie beplanner en bestuursdokument om u kurrikulumdekking vir Termyn 4 na te gaan.

*Onthou, die NECT Graad 1-3 Huistaal gestruktureerde leerprogram is beskikbaar vanaf die webwerf: www.nect.org.za*

## Tema 1:

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **MONDELING** | W/SKAT: | | W/SKAT: | |
| | LIEDJIE/RYMPIE: | | LIEDJIE/RYMPIE: | |
| | ANDER AKTIWITEITE: | | ANDER AKTIWITEITE: | |
| **KLANKE** | KLANKE: | | KLANKE: | |
| | AKTIWITEITE: | | AKTIWITEITE: | |
| **SKRIF** | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | |

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **GEDEELDE LEES** | TEKS: | | TEKS: | |
| | BEGRIPSVRAE: | | BEGRIPSVRAE: | |
| | NA-LEES AKTIWITEITE: | | NA-LEES AKTIWITEITE: | |
| **SKRYFWERK** | ONDERWERP EN TAAK: | | ONDERWERP EN TAAK: | |
| **GBL** | NOTAS: | | NOTAS: | |

## Tema 2:

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **MONDELING** | W/SKAT: | | W/SKAT: | |
| | LIEDJIE/RYMPIE: | | LIEDJIE/RYMPIE: | |
| | ANDER AKTIWITEITE: | | ANDER AKTIWITEITE: | |
| **KLANKE** | KLANKE: | | KLANKE: | |
| | AKTIWITEITE: | | AKTIWITEITE: | |
| **SKRIF** | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | |

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **GEDEELDE LEES** | TEKS: | | TEKS: | |
| | BEGRIPSVRAE: | | BEGRIPSVRAE: | |
| | NA-LEES AKTIWITEITE: | | NA-LEES AKTIWITEITE: | |
| **SKRYFWERK** | ONDERWERP EN TAAK: | | ONDERWERP EN TAAK: | |
| **GBL** | NOTAS: | | NOTAS: | |

## Tema 3:

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **MONDELING** | W/SKAT: | | W/SKAT: | |
| | LIEDJIE/RYMPIE: | | LIEDJIE/RYMPIE: | |
| | ANDER AKTIWITEITE: | | ANDER AKTIWITEITE: | |
| **KLANKE** | KLANKE: | | KLANKE: | |
| | AKTIWITEITE: | | AKTIWITEITE: | |
| **SKRIF** | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | |

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| **GEDEELDE LEES** | TEKS: | | TEKS: | |
| | BEGRIPSVRAE: | | BEGRIPSVRAE: | |
| | NA-LEES AKTIWITEITE: | | NA-LEES AKTIWITEITE: | |
| **SKRYFWERK** | ONDERWERP EN TAAK: | | ONDERWERP EN TAAK: | |
| **GBL** | NOTAS: | | NOTAS: | |

## Tema 4:

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **MONDELING** | W/SKAT: | | W/SKAT: | |
| | LIEDJIE/RYMPIE: | | LIEDJIE/RYMPIE: | |
| | ANDER AKTIWITEITE: | | ANDER AKTIWITEITE: | |
| **KLANKE** | KLANKE: | | KLANKE: | |
| | AKTIWITEITE: | | AKTIWITEITE: | |
| **SKRIF** | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | |

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **GEDEELDE LEES** | TEKS: | | TEKS: | |
| | BEGRIPSVRAE: | | BEGRIPSVRAE: | |
| | NA-LEES AKTIWITEITE: | | NA-LEES AKTIWITEITE: | |
| **SKRYFWERK** | ONDERWERP EN TAAK: | | ONDERWERP EN TAAK: | |
| **GBL** | NOTAS: | | NOTAS: | |

## Tema 5: Hersiening

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **MONDELING** | W/SKAT: | | W/SKAT: | |
| | LIEDJIE/RYMPIE: | | LIEDJIE/RYMPIE: | |
| | ANDER AKTIWITEITE: | | ANDER AKTIWITEITE: | |
| **KLANKE** | KLANKE: | | KLANKE: | |
| | AKTIWITEITE: | | AKTIWITEITE: | |
| **SKRIF** | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | | KLANK/E, WOORDE EN SINNE | |

| Aktiwiteit | Week 1 | Gedoen | Week 2 | Gedoen |
|---|---|---|---|---|
| **GEDEELDE LEES** | TEKS: | | TEKS: | |
| | BEGRIPSVRAE: | | BEGRIPSVRAE: | |
| | NA-LEES AKTIWITEITE: | | NA-LEES AKTIWITEITE: | |
| **SKRYFWERK** | ONDERWERP EN TAAK: | | ONDERWERP EN TAAK: | |
| **GBL** | NOTAS: | | NOTAS: | |

# Assesseringsprogram

## Assessering vir Leer

- Die volgende **kontrolelys** bevat die **belangrikste vaardighede vir die ontwikkeling van geletterdheid** wat u leerders gedurende die fase moet bemeester.
- Dit is die **fundamentele vaardighede** wat **al die leerders aan die einde van Graad 3 moet verwerf**.
- Daar is geen vinnige en maklike manier om 'Assessering vir leer' of 'Formatiewe Assessering' te beheer nie.
- Om u te help om dit op 'n sinvolle manier te doen, kan u die volgende probeer:
  - **a** Maak 'n **assesseringsrekordboek** en hou dit te alle tye by u.
  - **b** Hierdie boek moet **VERTROULIK** gemerk word.
  - **c** Maak 'n **afdeling vir elke leerder** in hierdie boek.
  - **d** Wees dwarsdeur die dag **bewus van die leerders se prestasies**, en **maak aantekeninge van wat u** in verband met hierdie vaardighede **waarneem**.
- Wees veral bewus van **leerders wat nie vordering maak nie**, en **werk saam met hulle** om hul uitdagings die hoof te bied.

## Kontrolelys: GF Huistaal

| **UITVOERENDE FUNKSIE** | ✓ |
|---|---|
| Volg perke en verwagtinge in die klaskamer | |
| Bestuur eie emosies | |
| Werk onafhanklik | |
| Werk saam in groepe | |
| Fokus op en voltooi take binne 'n redelike tyd | |
| Onthou en verbind leer uit die verlede aan nuwe leer | |
| Vestig en onderhou positiewe verhoudings | |
| Volhard deur uitdagings – gee nie moed op nie | |
| **LUISTER & PRAAT** | ✓ |
| Ontwikkel en gebruik 'n toenemend ingewikkelde woordeskat | |
| Volg aanwysings | |
| Stel vrae | |
| Beantwoord vrae op gepaste wyse deur gebruik te maak van meer ingewikkelde sinne | |
| Gebruik gepaste gespreks- en kommunikasievaardighede | |
| **FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE** | ✓ |
| Breek woorde mondelings in hul individuele klanke op | |
| Meng klanke mondelings om woorde te vorm | |
| Herken en lees alle geleerde klanke (leer letter-klankverbindings) | |
| Bou en breek geskrewe woorde op met behulp van klanke wat geleer word | |

| | |
|---|---|
| **LEES** | ✓ |
| Probeer altyd om nuwe woorde te dekodeer met behulp van letterklank kennis | |
| Lees werkbladtekste met toenemende vlotheid en akkuraatheid | |
| **BEGRIP** | ✓ |
| *In die grondslagfase moet hierdie vaardighede tydens gedeelde lees aangeleer word - wanneer die onderwyser ingewikkelde tekste hardop lees.* | |
| Toon belangstelling in gedeelde leesstories | |
| Kan basiese herroepingsvrae akkuraat beantwoord | |
| Bied logiese, gegronde menings op 'waarom'-vrae | |
| Som die belangrikste gebeure van voorgeleesde verhale op | |
| Kommunikeer die doel of boodskap van die geleesde verhale | |
| Onthou en verbind vorige verhale wat gelees is met nuwe verhale | |
| **HANDSKRIF** | ✓ |
| Hou die potlood en skryfinstrumente korrek vas - met 'n drievingergreep | |
| Kan letters vorm wat korrek en leesbaar is | |
| Skryf teen 'n redelike spoed - kan take binne die bepaalde tyd afhandel | |
| **SKRYFWERK** | ✓ |
| Gebruik skryfwerk om eie idees oor te dra (moet nie kopieer nie) | |
| Skryf onafhanklik (internaliseer en gebruik die skryfstrategieë om skryftake te voltooi) | |
| Gebruik kennis van letter-klank-ooreenkomste om woorde te skryf (spelling uitgevind) | |
| Lees eie skryfwerk vir eweknieë voor | |

## Assessering van Leer

- U kan kies om u eie FAT (Formele Assesseringstaak) te ontwerp volgens die **Hersiene Afdeling 4 van NKV.**
- Alternatiewelik word hieronder 'n **voorbeeld-FAT** vir Termyn 4 ingesluit. U mag hierdie FAT gebruik soos dit is, of aanpas vir gebruik in u klaskamer.
- 'n 'Tellingkaart' is ingesluit waar u die assesseringsresultate van leerders vir elke KOMPONENT kan invul.

## Gebruik van die rubrieke

- Die rubrieke wat volg, het vier vlak beskrywers.
- Hulle dui ook 'n beoordelingsgids vir elke vlak aan.
- Daarbenewens is 'n punt toegeken vir elke beskrywer per kriterium. Dit word tussen die hakies langs die beskrywer aangedui.
- Jy kan hierdie kenmerke gebruik om jou leerders op verskillende maniere te assesseer volgens die voorskrifte van jou provinsie of distrik.
  **a** Jy kan kies om 'n gemiddelde vlak of gradering vir die assesseringsaktiwiteit uit te werk.
  **b** Of jy kan kies om 'n punt vir elke leerder uit te werk.

**Voorbeeld:**

**a** Petrus se onderwyser het ’n kruisie ingevul vir sy prestasie per kriterium.

**b** Sy sien dat die kruise meestal in die VLAK 2 / GRADERING 3-4 REEKS val. Maar hy het een VLAK 1 / GRADERING 1-2 REEKS. Sy gee hom dus ’n gradering van 3.

**c** Dan bereken sy Petrus se telling volgens die punte vir elke kriterium. Hy behaal ’n dus ’n punt van 5 uit 14. As sy dit deur 2 deel, behaal hy 2.5, wat sy afrond tot ’n gradering van 3.

| RUBRIEK | VLAK 1<br>GRADERING 1-2 | VLAK 2<br>GRADERING 3-4 | VLAK 3<br>GRADERING 5-6 | VLAK 4<br>GRADERING 7 |
|---|---|---|---|---|
| **KRITERIUM 1** | Die leerder vertel ’n maat gedeeltes van die verhaal in die verkeerde volgorde. (1) | Die leerder vertel ’n gedeelte van die verhaal in die korrekte volgorde, maar dit bevat te veel of te min besonderhede. (2) ✗ | Die leerder vertel die grootste gedeetel van die verhaal in die korrekte volgorde, maar dit kan te veel of te min besonderhede bevat. (3) | Die leerder vertel die verhaal in die korrekte volgorde, met net genoeg besonderhede om die betekenis duidelik te maak. (4-5) |
| **KRITERIUM 2** | Die leerder stop gereeld, huiwer en herhaal woorde of frases. (1) | Die leerder huiwer soms en herhaal woorde of frases. (2) ✗ | Die leerder vertel die storie vlot, stop soms, huiwer of herhaal woorde of frases. (3) | Die leerder vertel die storie vlot en met selfvertroue, sonder om te wag, te huiwer of woorde of frases te herhaal. (4-5) |
| **KRITERIUM 3** | Daar is geen variasie in die toon of volume van die stem nie, of die leerder is onhoorbaar. (1) ✗ | Die leerder wissel af en toe die toon of volume van die stem, maar dit is nie altyd gepas nie. (2) | Die leerder slaag gedeeltelik daarin om die toon of volume van die stem af te wissel. (3) | Die leerder slaag suksesvol daarin om die toon of volume van die stem af te wissel. (4) |

## Verwerking

- Verwerk ’n punt uit 14 na 1-7 deur te deel deur 2.

## Ons hoop dat u hierdie assesseringsriglyn nuttig sal vind

- *Dit is belangrik om te onthou dat hierdie assesseringstake en berekeningsmetodes voorstelle is.*
- *Volg jou provinsie en distrik se aanbevelings ten opsigte van assesseringsvereistes.*

| Assessering van L eer: Tellingkaart | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Name van Leerders** | **Luister & Praat** | | **Klanke** | | **Lees & Begrip** | | **Handskrif** | **Skryfwerk** | **Totaal** |
| | Vertel 'n verhaal deur gebruik te maak van beskrywende taal, verskillende gebare en gesigsuitdrukkings | Beplan en maak 'n mondelinge voorlegging met behulp van 'n visuele hulpmiddel | Gebruik klankkennis om woorde korrek te spel en diktee te voltooi. | Herken en gebruik sinonieme en antonieme | Lees hardop uit 'n boek op eie vlak. Gebruik sigwoorde, klanke, dekoderingsvaardighede in kontekstuele en strukturele analise. Monitor self tydens lees | Bespreek die hoofgedagte, hoofkarakters en plot in die verhaal. Bespreek die waardes in die teks. | Kopieer en skryf in saamgevoegde skrif of lopende skrif met aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring. | Gebruik vooraf-skryfstrategieë om skryfwerk te beplan. Skryf oor 'n persoonlike ervaring. Gebruik die korrekte sinskonstruksie, leestekens en voegwoorde. | |
| **Assesseringsaktiwiteitsnommer** | **4.1** | **4.2** | **4.3** | **4.3** | **4.4** | **4.5** | **4.6** | **4.7** | |
| 1 | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | |

## Graad 3 Termyn 4: Voorbeeld van Formele Assesseringstaak

| **4.1: LUISTER EN PRAAT** | |
|---|---|
| **DOEL** | • **Vertel ’n verhaal deur gebruik te maak van beskrywende taal, verskillende gebare en gesigsuitdrukkings** |
| **IMPLEMENTERING** | • Dit kan op enige tydstip vanaf Week 3 tot Week 5 gedoen word<br>• Doen dit op Woensdag of Vrydag gedurende die Mondelinge Aktiwiteit<br>• Of op Vrydae gedurende die Gedeelde Lees: Na- Lees Aktiwiteit |
| **AKTIWITEIT** | • Roep die klas tot orde.<br>• Verduidelik dat hulle die kreatiewe storievertel-aktiwiteit gaan voltooi.<br>• Leerders moet in pare werk om hul eie storie oor die tema op te stel.<br>• Roep elke paar dan na u lessenaar om die assessering te voltooi.<br>• Sê vir die leerders om beurte te neem om die storie te vertel.<br>• Hulle moet op die volgende let:<br>**a** Vertel die storie in die regte volgorde.<br>**b** Sluit ’n begin, ’n middel en ’n einde in.<br>**c** Moet nie dele van die storie herhaal nie.<br>**d** Gebruik beskrywende taal<br>**e** Gebruik verskillende gebare en gesigsuitdrukkings<br>• Assesseer die leerders deur die onderstaande rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1<br>GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2<br>GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3<br>GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4<br>GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **OORSPRONKLIKHEID VAN DIE STORIE** | Die verhaal word gekopieer uit die gedeelde leesverhaal, of uit 'n verhaal in die DBO -werkboek. (1) | Die verhaal word nie gekopieer nie, maar is soortgelyk aan ander verhale. Of die verhaal is oorspronklik, maar maak nie sin nie. (2) | Die verhaal is oorspronklik, maar maak nie heeltemal sin nie. (3) | Die verhaal is oorspronklik en maak heeltemal sin. (4) |
| **VERHAALSTRUKTUUR** | Die verhaal het nie 'n duidelike begin, middel en einde nie. Dele van die verhaal ontbreek, en die volgorde is deurmekaar. (1) | Die verhaal het 'n begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is egter deurmekaar. (2) | Die verhaal het 'n begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is meestal korrek. (3) | Die verhaal het 'n duidelike begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is korrek. (4) |
| **BESKRYWENDE TAAL** | Die leerder sukkel om enige beskrywende taal sonder ondersteuning te gebruik. (1) | Die leerder gebruik 'n beskrywende taal, maar die taalkeuse is voorspelbaar. (2) | Die leerder gebruik 'n interessante of oorspronklike beskrywende taal met goeie doel. (3) | Die leerder gebruik interessante en oorspronklike beskrywende taal suksevol. (4) |
| **GEBARE EN GESIGSUITDRUKKINGS** | Die leerder sukkel om gebare of gesigsuitdrukkings sonder ondersteuning te gebruik. (.5) | Die leerder gebruik af en toe gebare of gesigsuitdrukkings. (1) | Die leerder gebruik gebare of gesigsuitdrukkings op gepaste tye (1.5) | Die leerder is geanimeer en slaag daarin om gebare of gesigsuitdrukkings op gepaste tye te gebruik. (2) |

| 4.2: LUISTER & PRAAT / BEGRIP | |
|---|---|
| **DOEL** | • **Beplan en maak 'n mondelinge voorlegging met behulp van 'n visuele hulpmiddel** |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen hierdie aktiwiteit eerste soggens as 'persoonlike nuus'<br>• Roep 1-2 leerders per dag op om hul aanbiedings te doen<br>• Herinner leerders die dag voor hul aanbiedings |
| **AKTIWITEIT** | • Verduidelik die taak aan leerders soos volg:<br>**a** Hulle moet 'n persoonlike verhaal of ervaring deel<br>**b** Hulle moet 'n visuele hulpmiddel saambring om die verhaal of ervaring te illustreer<br>**c** Hulle moet hul verhaal of ervaring in die regte volgorde deel<br>**d** Hulle verhaal moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê<br>**e** Hulle moet hulself nie herhaal nie<br>**f** Hulle moet beskrywende taal gebruik om hul verhaal of ervaring interessant te maak<br>**g** Hulle moet hul visuele hulp toon en verduidelik wat dit is<br>• Beoordeel elke leerder deur die onderstaande rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4 GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **STRUKTUUR** | Die verhaal het nie 'n duidelike begin, middel en einde nie. Dele van die verhaal ontbreek, en die volgorde is deurmekaar. (1) | Die verhaal het 'n begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is egter deurmekaar. (2) | Die verhaal het 'n begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is meestal korrek. (3) | Die verhaal het 'n duidelike begin, middel en einde. Die volgorde van die verhaal is korrek. (4-5) |
| **VLOTHEID EN BESKRYWENDE TAAL** | Die leerder stop gereeld, huiwer en herhaal woorde of frases. Die leerder sukkel om enige beskrywende taal sonder ondersteuning te gebruik. (1) | Die leerder bly soms stil, aarsel en herhaal woorde of frases. Die leerder gebruik 'n beskrywende taal, maar die taalkeuse is voorspelbaar. (2) | Die leerder praat vlot, net een of twee onderbrekings. Die leerder gebruik 'n redelike interessante of oorspronklike beskrywende taal. (3) | Die leerder praat vlot en selfversekerd, sonder om te aarsel. Die leerder gebruik 'n interessante en oorspronklike beskrywende taal in groot mate. (4-5) |
| **VISUELE HULPMIDDELS** | Die leerder het nie 'n visuele hulpmiddel gebring nie, of die visuele hulpmiddel is nie relevant vir die verhaal nie. (1) | Die leerder het 'n visuele hulpmiddel saamgebring, maar dit is nie duidelik relevant vir die verhaal nie. (2) | Die leerder het 'n relevante visuele hulpmiddel saamgebring. (3) | Die leerder het 'n relevante en interessante visuele hulpmiddel saamgebring. (4) |

| 4.3: KLANKE | |
|---|---|
| **DOEL** | • **Gebruik klankkennis om woorde korrek te skryf en diktee te voltooi.**<br>• **Herken en gebruik sinonieme en antonieme** |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen dit in Week 6 of 7, tydens die Maandag Handskrifles |
| **AKTIWITEIT** | • Sê vir die leerders om na ’n skoon bladsy te gaan en die opskrif: Spelling en diktee neer te skryf<br>• Wys vervolgens aan leerders hoe om ’n bladsy in hul boeke in twee te vou en van 1-10 in die kantlyn te skryf, en van 11 - 20 in die middel van die bladsy.<br>• Verduidelik aan leerders dat jy die nommer gaan sê en daarna ’n woord. Hulle moet die woord langs die korrekte nommer skryf.<br>• As leerders nie weet hoe om die woord te skryf nie, moet hulle ’n streep langs die nommer trek.<br>• Leer leerders om stil te bly tydens toetse en om nie na iemand anders se werk te kyk nie.<br>• Stel ’n lys saam met 16 klankwoorde om te vra - maak seker dat alle getoetste klanke wel aangeleer is.<br>• Sê dan vir leerders dat u twee woorde gaan uitroep, en u wil hê dat hulle SINONIEME vir hierdie woorde moet neerskryf, dit wil sê: woorde wat dieselfde beteken. Noem twee eenvoudige werkwoorde of byvoeglike naamwoorde, soos: hardloop (draf, naelloop), mooi (pragtif, lieflik), siek (olik, ongesond), gelukkig (opgewonde, bly)<br>• Vertel vervolgens aan leerders dat u 2 woorde gaan uitroep, en u wil hê dat hulle ANTONIEME vir hierdie woorde moet neerskryf, dit wil sê: woorde wat die teenoorgestelde betekenis het. Noem twee eenvoudige byvoeglike naamwoorde of abstrakte selfstandige naamwoorde, soos: gelukkig (hartseer, ongelukkig), jonk (oud, bejaard)<br>• Stel dan 2 diktee sinne op, van ongeveer 5 woorde elk. Sluit die selfstandige naamwoord in een sin in.<br>• Lees 2 dikteesinne wat klanke en woorde bevat wat die leerders geleer het.<br>• Neem aan die einde van die toets die leerders se boeke in en merk die toets.<br>• Beoordeel elke leerder deur die onderstaande rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4 GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **SPELLING** | Die leerder het meer as 5 foute begaan. (1) | Die leerder het 4-5 foute begaan. (2) | Die leerder het 2-3 foute gemaak. (3) | Die leerder het 1 of 0 foute gemaak. (4-5) |
| **SINONIEME EN ANTONIEME** | Die leerder het 1 voorbeeld korrek. (1) | Die leerder het 2 voorbeelde korrek. (2) | Die leerder het 3 voorbeelde korrek. (3) | Die leerder het 4 voorbeelde korrek. (4) |
| **DIKTEE** | Die leerder het meer as 5 spelfoute of leestekensfout gemaak. (1) | Die leerder het 4-5 spelfoute of leestekensfoute gemaak. (2) | Die leerder het 2-3 spelfoute of leestekensfoute gemaak. (3) | Die leerder het nie meer as 1 spelfout of leestekensfout gemaak nie. (4-5) |

| 4.4: LEES | |
|---|---|
| **DOEL** | • Lees hardop uit boek op eie vlak.<br>• Gebruik sigwoorde, klanke, dekoderingsvaardighede in kontekstuele en strukturele analise.<br>• Monitor self tydens lees. |
| **IMPLEMENTERING** | • Dit kan op enige tydstip vanaf Week 6 tot Week 8 gedoen word<br>• Doen dit tydens die groepbegeleide lees |
| **AKTIWITEIT** | • Roep elke lid van die groep tydens 'Groepbegeleide lees' om individueel vir u te kom lees<br>• Vra die leerders om voor te lees uit 'n teks op hul vlak. Verseker dat die teks dekodeerbare woorde bevat.<br>• Vra die leerder wat vir hulle makliker was en waarmee hulle gesukkel het. Vra hulle hoe hulle gevoel het oor hul leeswerk.<br>• Assesseer die leerders deur die onderstaand rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1<br>GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2<br>GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3<br>GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4<br>GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **VLOTHEID** | Die leerder huiwer gereeld terwyl hy lees, swyg wanneer hy by onbekende woorde kom of slaan onbekende woorde oor en herhaal woorde of frases. (1) | Die leerder lees met lang pouses of huiwering. Die leerder het 'rowwe plekke' wat moeilik is om deur te kom. (2) | Die leerder lees af en toe met ritme. Die leerder sukkel met spesifieke woorde en / of sinstrukture. (3) | Die leerder lees glad met 'n paar pouses. Die leerder kan tydens die lees van moeilike woorde hom/haarself korrigeer. (4-5) |
| **DEKODERINGS-VAARDIGHEDE** | Die leerder benodig baie klankondersteuning van die onderwyser om 'n onbekende woord te lees. Die leerder sukkel om woorde in lettergrepe of klanke op te deel. Die leerder ken baie min sig- / hoëfrekwensie -woorde. (1) | Die leerder probeer klanke gebruik om onbekende woorde te lees, maar het ondersteuning van die onderwyser nodig. Die leerder kan met ondersteuning van die onderwyser woorde in lettergrepe of klanke verdeel. Die leerder ken 'n paar sig- / hoëfrekwensie -woorde. (2) | Die leerder gebruik klanke en lettergrepe om onbekende woorde op te breek, maar het soms hulp nodig om die klanke in 'n woord te meng. Die leerder ken baie sig- / hoëfrekwensie -woorde. (3) | Die leerder gebruik klanke en lettergrepe om onbekende woorde op te breek en kan die klanke gewoonlik in 'n woord meng. Die leerder ken alle geleerde sig- / hoëfrekwensie -woorde. (4-5) |
| **MONITOR VAN DEKODERINGS-VAARDIGHEDE** | Die leerder het baie min bewustheid van sy/haar eie leesvaardighede en vordering. Die leerder monitor nog nie sy/haar eie dekoderingsvaardighede nie. (1) | Die leerder is bewus van sy/haar eie leesvaardighede en vordering. Die leerder begin sy/haar eie dekoderingsvaardighede monitor, en kan een of twee punte oor vordering of uitdagings deel. (2) | Die leerder het 'n goeie bewustheid van sy/haar eie leesvaardighede en vordering. Die leerder monitor sy/haar eie dekoderingsvaardighede en kan relevante punte oor vordering of uitdagings deel. (3) | Die leerder het 'n uitstekende bewustheid van sy/haar eie leesvaardighede en vordering. Die leerder monitor sy/haar eie dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede, en kan relevante punte oor vordering of uitdagings deel. (4) |

| 4.5: LEESBEGRIP | |
|---|---|
| **DOEL** | **Luister na en raak betrokke by 'n teks en dan:**<br>• Bespreek hoofgedagte, hoofkarakters en plot in die verhaal<br>• Bespreek die waardes in die teks |
| **IMPLEMENTERING** | • Dit kan enige tyd vanaf week 6 tot week 8 gedoen word<br>• Doen dit op Vrydae tydens die mondelinge aktiwiteit: Bespreking van gedeelde lees of op Vrydae tydens die gedeelde lees: Na -lees -aktiwiteit |
| **AKTIWITEIT** | • Gebruik die gedeelde leesverhaal van die vorige week.<br>• Stel die klas vas om die taak te voltooi.<br>• Roep dan individuele leerders na u lessenaar om die assessering te voltooi.<br>• Vra leerders om 1-2 van elk van die volgende soorte vrae oor die teks te beantwoord:<br>**Hoofgedagte en karakters**<br>**1** Waaroor het hierdie verhaal gegaan?<br>**2** Wat is die hoofgedagte van die verhaal?<br>**3** Wie was die hoofkarakter (s)?<br>**4** Beskryf hierdie karakter.<br>**Plot**<br>**1** Wat het aan die begin van die verhaal gebeur?<br>**2** Wat het aan die einde van die verhaal gebeur?<br>**3** Hou jy van die storie? Waarom of waarom nie?<br>**4** Dink jy die verhaal het goed geëindig? Waarom of waarom nie?<br>**Waardes**<br>**1** Waarom dink jy is hierdie verhaal geskryf? Wat moet ons daaruit leer?<br>**2** Wat het jy uit hierdie verhaal geleer?<br>**3** Dink jy ____ was reg toe hy/sy…? Waarom of waarom nie?<br>**4** Wat sou jy gedoen het? Hoekom?<br>• Assesseer die leerders deur die onderstaande rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1<br>GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2<br>GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3<br>GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4<br>GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **HOOF IDEES EN KENMERKE** | Die leerder sukkel om die hoofgedagte korrek te identifiseer of om die hoofkarakters te beskryf. (1) | Die leerder identifiseer die hoofgedagte en karakters korrek of beskryf die hoofkarakters korrek. (2) | Die leerder kan alle besonderhede uit die verhaal korrek heroep, met aanmoediging. (3) | Die leerder identifiseer alle besonderhede uit die verhaal vinnig, vlot en akkuraat. (4-5) |
| **PLOT** | Die leerder het ondersteuning nodig om die plot van die verhaal te herroep. Die leerder kan nie nadink oor die plot nie. (1) | Die leerder kan die plot van die verhaal onthou, verwar die volgorde van gebeure. Die leerder deel 'n mening oor die plot, maar kan hierdie mening nie voldoende regverdig nie. (2) | Die leerder kan die plot van die verhaal onthou, in die korrekte volgorde. Die leerder deel 'n mening oor die plot, maar kan nie hierdie mening voldoende regverdig nie. (3) | Die leerder kan die plot van die verhaal onthou, in die korrekte volgorde. Die leerder deel 'n mening oor die plot en kan die mening voldoende regverdig. (4-5) |
| **WAARDES** | Die leerder sukkel om die waardes in die verhaal te bepaal, selfs met ondersteuning. (1) | Die leerder bepaal die waardes in die verhaal, maar benodig ondersteuning. (2) | Die leerder bepaal die waardes in die verhaal sonder ondersteuning, maar kan nie die antwoord voldoende regverdig nie. (3) | Die leerder bepaal die waardes in die verhaal sonder ondersteuning en kan die antwoord voldoende regverdig. (4). |

| 4.6: HANDSKRIF | |
|---|---|
| **DOEL** | • Kopieer en skryf in lopende skrif.<br>• Gee aandag aan die korrekte lettervorming en spasiëring. |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen dit met behulp van die handskriflesse vir weke 5-6 of weke 7-8. |
| **AKTIWITEIT** | • Hou die handskriflesse soos gewoonlik. |

| RUBRIEK | VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4 GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **HANDSKRIF** | Die leerder sukkel om netjies en akkuraat in lopende skrif te skryf. Die handskrif is nie konsekwent nie, lettervorming is dikwels verkeerd en die spasiëring is onreëlmatig. (1-2) | Die leerder sukkel soms om netjies en akkuraat in lopende skrif te skryf. Die handskrif is moontlik nie konsekwent nie, lettervorming is soms verkeerd of die spasiëring kan onreëlmatig wees. (3-4) | Die leerder skryf meestal netjies en akkuraat in lopende skrif. Die handskrif is gewoonlik konsekwent in grootte, lettervorming is meestal korrek asook spasiëring. (5-6) | Die leerder skryf netjies en akkuraat in lopende skrif, konsekwent in grootte, lettervorming is korrek asook spasiëring. (7) |

| 4.7: SKRYFWERK | |
|---|---|
| **DOEL** | • Gebruik vooraf-skryfstrategieë om skryfwerk te beplan.<br>• Skryf oor persoonlike ervaaring.<br>• Gebruik korrekte sin<br>• Gebruik die korrekte sinskonstruksie, leestekens en voegwoorde. |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen dit tyden die skryfles vir Weke 3-4, Weke 5-6, of Weke 7-8. |
| **AKTIWITEIT** | • Hou die skryflesse soos gewoonlik.<br>• Neem aan die einde van die skryfsiklus die leerders se boeke in.<br>• Beoordeel elke leerder deur die onderstaande rubriek te gebruik. |

| RUBRIEK | VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4 GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **BEPLANNING** | Daar is baie min of geen bewyse dat 'n beplanningstrategie gebruik word nie. (1) | Daar is bewyse dat 'n beplanningstrategie gebruik word, maar die plan is onvolledig. (2) | Daar is duidelike bewyse dat 'n beplanningstrategie gebruik word, en die plan is voltooi. (3) | Daar is duidelike bewyse dat 'n beplanningstrategie gebruik word, en die plan is volledig en gedetailleerd. (4) |
| **HOU BY DIE ONDERWERP** | Die leerder sukkel om oor 'n persoonlike ervaring te skryf. Die idee is moeilik om te verstaan, of is nie oorspronklik nie - die voorbeeld van die onderwyser word gekopieer. (1) | Die leerder skryf moontlik oor 'n persoonlike ervaring. Die idee is verstaanbaar en oorspronklik, hoewel dit soortgelyk is aan die voorbeeld. (2) | Die leerder skryf duidelik oor 'n persoonlike ervaring. Die idee is persoonlik en oorspronklik. (3) | Die leerder skryf duidelik oor 'n persoonlike ervaring. Die idee is persoonlik, oorspronklik en voel uniek en outentiek. (4) |
| **SINSTRUKTUUR EN GEBRUIK VAN VOEGWOORDE** | Die leerder sukkel om eenvoudige sinne reg te stel, en daar is geen gebruik van saamgestelde sinne nie. (1) | Die leerder struktureer eenvoudige sinne korrek, maar daar is geen gebruik van saamgestelde sinne nie. (2) | Die leerder struktureer eenvoudige sinne korrek en struktureer ten minste 1 saamgestelde sin korrek. (3) | Die leerder struktureer eenvoudige sinne korrek en struktureer ten minste 2 saamgestelde sinne korrek. (4) |
| **LEESTEKENS** | Die leerder sukkel om konsekwent en korrek hoofletters en punte te gebruik. (.5) | Die leerder gebruik hoofletters en punte korrek, maar sukkel met ander leestekens. (1) | Die leerder gebruik alle geleerde leestekens voldoende, maar maak af en toe foute. (1.5) | Die leerder gebruik alle geleerde leestekens korrek en maak selde foute. (2) |